

**‘N MISSIONALE EKKLESIOLOGIESE PRAKSIS EVALUASIE
TEN OPSIGTE VAN DIE KERK SE BEDIENING IN DIE
STELLENBOSCH AREA : ‘N GEVALLE STUDIE**

DEUR

STANLEY DAWSON MARAIS

WERKSTUK INGELEWER TER GEDEELTELIKE VOLTOOING

VAN DIE VEREISTES VIR


DIE GRAAD VAN
MAGISTER DIVINITAS



AAN DIE TEOLOGIESE FAKULTEIT
UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

DESEMBER 2006

STUDIELEIER : *DR. K. Th. AUGUST*

Hoofstuk 1: Inleiding	4
1.1 Probleemstelling	4
1.2 Motivering	5
1.3 Hipotese	6
1.4 Ontledingseenheid	6
1.5 Tydsdimensie	6
1.6 Teleologiese dimensie	6
1.7 Metodologie	7
1.8 Konseptualisering	7
1.9 Uiteensetting van inhoud	9
	
Hoofstuk 2: Die Bybel se siening oor armes en nie-armes	10
2.1 Identifisering van armes en armoede in die Skrif	10
2.2.1 Armoede en Armes in die Ou Testament	12
2.2.2 Armoede en Armes in die Nuwe Testament	15
2.3 Die Christen se perspektief oor die arme	17
2.4 Die Bybelse perspektief oor Rykdom en Nie-armes	18
2.5 Beskermingsisteme teen Armoede	20

Hoofstuk 3: Die demografiese profiel van Stellenbosch	24
3.1. Demografie van Stellenbosch	24
3.2. Nood-Analise	25
3.2.1. Cloetesville	26
3.2.2. Khayamandi	29
Hoofstuk 4: Armoede verligting in die Nederduits Gereformeerde kerk met spesiale verwysing na die Moedergemeente Stellenbosch	34
4.1. Die NGKerk	34
4.2 BADISA	36
4.3 NGKerk Moedergemeente te Stellenbosch	37
Hoofstuk 5: Samevatting en Beoordeling	40
Bibliografie	42
Bylaag A	45
Bylaag B	50



HOOFTUK 1 : INLEIDING

As wit, middelklas navorser is dit moeilik om uit ervaring te praat oor armoede en die effek daarvan op 'n gemeenskap. In die konteks van die bevoorregte Nederduitse Gereformeerde Kerkgemeenskap van Suid-Afrika ken ons nie werklike armoede nie, en indien iemand wel arm is dan steek hy/sy dit goed weg. Carstens (1999 : 1) wys vir ons twee realiteite uit. Eerstens, dat die NGKerk-gemeenskap oor die algemeen ongewillig is en weerstand bied om betrokke te raak by die armoede van ander gemeenskappe; en tweedens, die kompleksiteit van betekenisvolle en langtermyn deelname aan barmhartigheidsdiens teenoor die armes op 'n Christelike en Bybelse manier. Die NGKerk was nog nooit laks in die versorging van armes nie; op baie vlakke was hierdie gemeenskap 'n baanbreker op die gebied van armsorg - ongelukkig hoofsaaklik teenoor die kerk se eie lidmate. (Muller 1999 : 1)

Algaande het die besef egter begin posvat dat 'n kerk wat slegs na binne te kyk en alleenlik sy eie mense help, 'n kerk is wat gedoem is om uit te sterf. Emil Brunner, 'n bekende Switserse teoloog in die 20ste eeu (Wikipedia : 2006), het gesê dat die kerk bestaan deur sending - soos 'n vuur bestaan deur te brand. As ons dus aanvoer dat 'n deel van die kerk se missionale opdrag die versorging van armes is, is dit noodsaaklik dat ons die vraag vra: Wat doen die kerk om hierdie Bybelse opdrag na te kom? Indien die kerk hoofsaaklik fokus op geloof, en mank gaan aan gehoorsaamheid (dws. dade), hoe effektief is die kerk dan as God se verteenwoordiger op aarde?

1.1 Probleemstelling

Wanneer 'n uitleg van Stellenbosch se verskillende areas onder oë geneem word, is dit duidelik dat buurtes waar goeie en nie-goeie mense woon afgebaken en geografiese relatief ver van mekaar geleë is. Daaruit maak die navorser die afleiding dat daar waarskynlik op gemeenskapsvlak min of geen interaksie tussen hierdie twee groepe is. Die navorser het ook waargeneem dat die lidmate van die NGKerk finansieel baie meer bevoorreg is as die Christene in die arm gebiede.

Dit lei die navorser om te besin oor die mate van konstruktiewe betrokkenheid van die NGKerk by die verligting van nood in arm gemeenskappe, watter toepaslike strategieë aangewend word, en die onderhoubaarheid daarvan in die arm gemeenskappe.

1.2 Motivering

Die motivering vir die navorsing van hierdie ondersoek spruit uit die navorsers se verwondering oor die mooi en groot geboue van die NGK terwyl in 2002, volgens die verslag van die NGK se Algemene Sinode 2004**, 21,9 miljoen armes in Suid-Afrika op R13 en onder 'n dag geleef het die (Daar kan met sekerheid aanvaar word dat pandemiese Vigsverwante sterftes van broodwinners in die afgelope 4 jaar - sedert die 2002 syfer - hierdie getal aansienlik vergroot het). Armoede in Suid-Afrika is 'n reuse probleem wat diep gewortel en omvattend van aard is, en nie deur die kerk geïgnoreer kan word nie. Met slegs oppervlakkige observasie blyk dit vir die navorsers dat daar in NGKkerk gemeentes 'n gebrek bestaan aan sigbare, doelgerigte strategieë en effektiewe programme t.o.v. die volgehoue aanspreek van armoede.

Die fokus van NGKkerk is tradisioneel op die spirituele behoeftes van die lidmaat, terwyl die fisieke welwese van mense agterweë bly. Daar is dus ook beperkte bewusmaking in die kerke rondom die probleem van armoede. Die Agenda van die Algemene Sinode 2004 staan slegs een bladsy hieraan af. Die vraag ontstaan by die navorsers: "Is die probleem van armoede 'n prioriteit-saak van die NGKkerk?"

Vir baie kerklidmate het geld en besittings 'n god geword; kommoditeite wat nie met ander (veral nie in die arm gemeenskappe!) gedeel word nie. Die navorsers wil poog om te besin oor armoede in die gemeenskap en oor die wyse hoe die NGKkerk daarop reageer, met die doel om vas te stel of hierdie observasies korrek is.

Die navorsers stem saam met Muller (1999 : 2) dat hulpverlening aan armes in wese missionêr is, en dat ons moet sekermaak dat dit vanuit 'n korrekte Bybelse perspektief geskied. Wanneer 'n arm Christen gedien word, is dit 'n daadwerklike manier om sy/haar geloof te versterk, deurdat daar in Christus iets prakties met hom/haar gedeel is. Dit is ook 'n getuienis teenoor die wêreld van hoe Christene mekaar liefhet en mekaar bystaan as bewys van God se liefde deur Christus. Indien 'n persoon wat in nood is nie 'n Christen is nie, sal die mededeelsaamheid en ondersteuning in sigself 'n bewys en getuienis wees van God se liefde vir die persoon.

1.3 Hipotese

Die Navorsers werk met die veronderstelling dat die NGkerk gemeentes net betrokke is by armoede verligting terwyl min of geen tyd spandeer word aan gemeenskapsontwikkeling nie. Armoede verligting is egter 'n belangrike komponent

in die versorging van armes en dien as 'n beginpunt tot onderhoubare gemeenskapsontwikkeling. Gemeenskapontwikkeling moet egter die fokus raak vir die kerk sodat die langtermyn effekte daarvan nie net die gemeenskap verbeter nie, maar ook sodat die gemeenskap later hulself sal kan help.

1.4 Ontledingseenheid

Die ontledingseenheid in hierdie navorsing is 'n bepaalde godsdienstige organisasie, naamlik die NGKerk. Om die fokus te verskerp, sal die NGKerk Stellenbosch (Moedergemeente) as voorbeeld gebruik word van 'n gegoede gemeente in Stellenbosch.

Hierdie gemeente se jaarlikse besteding aan die Diens van Barmhartigheid sal persentasie gewys vergelyk word met die totale nasionale besteding van die NGKerk aan barmhartigheidsdiens. Die navorser sal ook rapporteer oor hierdie gemeente se moontlike toepaslike strategieë en programme ten opsigte van die verligting van armoede in die Stellenbosch omgewing.

Die demografiese inligting van die armer gebiede in Stellenbosch, bv. Cloeteville en Kayamandi, sal ontleed word om sodoende die nood wat daar bestaan uit te wys.

1.5 Tydsdimensie

Die tydsdimensie is sinchronies sowel as diachronies van aard. Die navorser wil die huidige stand van sake beskryf maar ook gegewens uit die verlede gebruik.

1.6 Teleologiese dimensie

Die navorsing is beskrywend van aard omdat dit armoede in 'n bepaalde gemeenskap wil beskryf, en die reaksie van die kerk daarop. Dit is ook verklarend van aard omdat daar antwoorde gesoek word binne 'n Skriftuurlike verstaan om armoede aan te spreek.

1.7 Metodologie

Inligting of data-inwinning sal hoofsaaklik deur literêre bronne plaasvind, aangevul deur dokumente soos die Agenda van die Algemene sinode van die NGKerk en empiriese navorsing (onderhoude). Demografiese inligting van die Stellenbosch omgewing word verkry uit die *Transformation Research Project* verslag, terwyl die navorser ook bronne van die internet gebruik soos benodig.

1.8 Konseptualisering

Die Nederduits Gereformeerde Kerk (NGKerk)

Hierdie kerk bestaan reeds sedert 1652 in Suid-Afrika en is 'n Christelike kerk wat bestaan uit 'n oorgrote meerderheid wit Suid-Afrikaners (Muller 1999 : 5). As 'n kerk wat bely dat dit as instansie noukeurig Skrifgebonde is, kan daar geargumenteer word dat aangesien God in sy Wese barmhartig is en daarom intens betrokke is by dié wat nood het, moet die Kerk 'n instansie van barmhartigheid wees.

BADISA

Hierdie organisasie is bekendgestel op 28 Januarie 2003 en is 'n geregistreerde O.S.W. (Organisasie Sonder Winsoogmerk), en 'n gesamentlike bediening van die NGKerk en die VGKerk in die Kaap. In hierdie organisasie is die maatskaplike dienste van die twee kerke saamgesnoer, en help hulle ook gemeentes met hulle eie armoede verligtingsprogramme. Die naam is afgelei van BArmhartigheid, DIens/DIakonaat, SAam. Dit is ook 'n Tswana woord wat herder, versorger of ouderling kan beteken.

Nood

Hierdie begrip is 'n baie omvattende term wat oor die breë lewens-spektrum gebruik word om 'n gebrek aan materiële en/of nie-materiële essensiële middele aan te dui. In hierdie studie is die nood wat bespreek word materiële nood.

Armoede

August (2003 : 28) gee vir ons 'n goeie definisie van armoede. Daar word erken dat armoede in sy geheel baie fasette het, en nie in een definisie saamgevat kan word nie. Vyf verskillende benaderings tot armoede word aangetoon. Die eerste is dat armoede 'n konflik-situasie is, daarom moet metodes van konflik-hantering gebruik word om armoede aan te spreek. 'n Tweede benadering is om armoede te beskou in twee dimensies, naamlik absolute armoede en relatiewe armoede. Absolute armoede is sigbaar in hongersnood en werkloosheid. Relatiewe armoede verwys na die geestelike en sielkundige aspekte van armoede soos bv. verlies aan lewensgeluk, menswaardigheid en selfrespek. 'n Derde benadering is 'n bestaansminimum-benadering. Die uitgangspunt is om die inkomste te bereken wat 'n huishouding nodig

het om kos te koop en te leef. Die kritiek teen hierdie benadering is dat dit armoede vereenvoudig tot 'n tekort aan inkomste (August 2003 : 30). 'n Vierde benadering tot armoede is dié van relatiewe verlies. Armoede word beskryf as dié mate waartoe persone nie 'n basiese lewenstandaard kan handhaaf nie. 'n Laaste benadering tot armoede is 'n deelnemende benadering, waar armoede beskryf word uit die ervaring van die arme self, bv. die belewing van vervreemding in die gemeenskap, geen sekuriteit oor kos nie, oorvol huise, gebrekkige toegang tot basiese energiebronne, geen werksekuriteit nie en die fragmentasie van die gesin.

Dit is duidelik dat armoede nie 'n eenvoudig saak is nie. Atherton (1983 : 43-45) praat van die karakter-eienskappe van armoede. Een hiervan is die effek van armoede op die persoon. Die arme se lewenstyl sowel as sy/haaar verhoudinge met ander word ingeperk. Hoewel daar persone is wat in sekere tye van hulle lewe armoede mag beleef, is daar diegene wat nie uit die strik van armoede kan ontsnap nie.

Armes en nie-arges

Volgens Myers (1999 : 61) moet ons onthou dat 'n definisie van 'n probleem uiteraard nie perfek kan wees nie. 'n Definisie gebruik slegs konsepte en idees om *regte* mense te beskryf. Ons moet altyd in gedagte hou dat armes *mense* is, heel mense met liggame, siele, verstand en hart. Hulle is deel van gemeenskappe, families en sosiale sisteme en hulle beskik oor potensiaal.

Ons kan nie van die armes praat sonder om uit te wys dat hulle heel dikwels tussen mense woon wat nie arm is nie. Die armes woon nie noodwendig altyd in isolasie nie, maar dikwels in gemeenskappe wat beter daaraan toe is as hulle. Daar is gemeenskappe waarin daar persone is wat baie meer het as dié wat rondom hulle woon. Sulkes word in die gemeenskap as ryk beleef. Armes word dus ten beste beskryf in relasie tot nie-arges. Rykdom is altyd 'n status in konteks. 'n Student wat R1000 sakgeld per maand en betaalde losies ontvang, mag homself dalk beskou as arm teenoor 'n persoon wat reeds 'n salaris verdien. In relasie egter tot iemand wat in die landelike Transkei woon kan die student beskou word as skatryk. Hoewel dit dus nie altyd maklik om te sê wanneer iemand arm is of nie, moet in gedagte hou dat daar altyd armes en en nie-arges is. Dit is daarom dat die navorser verkies om eerder na rykmense te verwys as nie-arges. Hoewel rykdom nie orals dieselfde aard het nie, is dit nogtans nodig om te onderskei tussen armes en nie-arges.

1.9 Uiteensetting van inhoud

Die verdere navorsing word in 5 hoofdele uiteengesit:

Hoofstuk 2 handel oor 'n Bybelse perspektief oor armoede. Skrifgedeeltes uit die Ou en Nuwe Testament word ondersoek waar armoede nie net beskryf word nie, maar daar ook voorskrifte gegee word aan Israel en aan die Christen gemeenskap oor hoe die armes behandel moet word. Ter wille van perspektief, word die *nie*-armes (rykes) van die Bybel ook bespreek, hoe hulle optree het en wat hulle plig was teenoor die armes.

Hoofstuk 3 verskaf 'n demografiese profiel van Stellenbosch. Die behoeftes en die nood van die armes in Stellenbosch is uiteengesit in die *Transformation Research project* wat gedoen was deur die Eenheid vir Godsdiens en Ontwikkeling, Stellenbosch Universiteit, in vennootskap met Transformasie Afrika.

Hoofstuk 4 verskaf 'n weergawe van die huidige praxis t.o.v. armoede verligting in die NGK, met die Stellenbosch Moedergemeente as voorbeeld. Daar sal ook gekyk word na die handeling van die Algemene sinode en BADISA¹ in hierdie verband. (die gesamentlike Barmhartigheidsdiens-aksie van die NGKerk en VGK) .

Hoofstuk 5 bevat die navorser se beoordeling van die inligting, om sodoende 'n evaluering te doen van die aandag wat die NGKerk skenk aan die versorging van die armes. Daarna sal die navorser uitwys hoe belangrik dit is dat die kerk alhoemeer sal fokus op gemeenskapsontwikkeling, nie armoede verligting nie.

¹ Die gesamentlike Barmhartigheidsdiens-aksie van die NGKerk en VGKerk

HOOFSTUK 2 : DIE BYBEL SE SIENING OOR ARMES EN NIE-ARMES

Protestante beskou die Bybel as 'n kritieke bron, nie net om insig oor die werklikhede van mens-wees te verkry nie, maar ook as die Dringende Motiveerder om die realiteite van die mens se lewe te hanteer. Prominent binne die mens se omstandighede in die Bybel is sake rakende die armes. Daar moet egter in gedagte gehou word dat wanneer ons praat oor armoede in die Bybel, daar geen Bybelse woord is wat direk vertaal kan word as “armoede” nie; daar word na armoede in die Bybel verwys wanneer die armes bespreek word (Campbell 2000 : 1).

Die armes kan uitgewys word as dié deel van elke samelewing wat die minste gehoor word; merendeels is hulle onsigbaar vir dié wat mag en besittings het (Campbell 2000 : 1). Selfs in die Bybel kan daar gelees word hoe die armes nie altyd 'n stem gehad het in die samelewing nie. Wanneer die navorser na die dimensies van armoede in die bybelse wêreld kyk, hoor hy die roepstem van God om dit wat goed is, te doen.

2.1 Identifisering van armes en armoede in die Skrif

Wie is die armes in die Bybel en wat is die tipes armoede wat bespreek word? Die Bybel beskryf twee tipes armoede: armoede van die gees en armoede aan materiële bronne. Mense beland soms in hierdie toestand van materiële armoede a.g.v. hulle eie luiheid, verkeerde gewoontes, nalatigheid of apatie. Die Skrif erken luiheid as 'n probleem soos ons kan lees in bv. Spreuke 6:6 en 2 Tessalonisense 3:6-12, maar tog word hulle hier beskryf as “luijaards” en glad nie as armes nie (Frame 2006 : 765). Armes soos in die Bybel beskryf was nooit luijaards nie, maar eerder slagoffers van omstandighede buite hulle beheer. Baie keer was dit omdat hulle onderdruk was deur die mense met mag en rykdom. Anderson** (2003) noem dat armoede was ook soms die gevolg van straf of ongeluk (Job 1:12-19) in die Bybel, alhoewel ons min voorbeelde hiervan het. Spreuke 10:15b verwys ook na die kultuur van armoede: 'n negatiewe siklus wat nie maklik gebreek word nie omdat mense wat in armoede omstandighede gebore is nie toegang het tot voeding, onderrig, ens. wat hulle sou instaat stel om 'n kans te kry op sukses nie. Hierdie vier kategorië van armoede het dikwels hongersnood, gesondheidsprobleme en dakloosheid tot gevolg gehad. Daarom was dit nie ongewoon dat kreupeles ook arm was nie. Die bekendste voorbeelde van armes in die Bybel is egter weduwees en weeskinders. Hulle het geen vaste inkomste gehad nie en ook niemand wat vir hulle wou opstaan teenoor dié wat

hulle onderdruk het nie (Frame 2006 : 765). Hierdie aspek het duidelik 'n teologiese dimensie aan armoede verleen.

Frame (2006 : 765) sê dat die armes hulle juis na God gewend het omdat daar niemand anders was wat hulle saak behartig het nie. Die armes was deel van die handjievol gelowiges wat God vertrou het, selfs midde die heersende norm van afgodsdienste en ongeloof. Op hierdie manier het armoede 'n metafoor vir getrouheid geword. 'n Voorbeeld hiervan kom voor in die woorde van Koning Dawid, 'n ryk man in die oë van sy volk, en tog sou hy sê toe hy aangeval is : "Ek is hulpeloos en arm, maar die Here dink aan my" (Ps.40:18). Al het Dawid materiële middele gehad, kon dit hom nie red nie - net God alleen kon hom red van sy vyande. Dit het hom voor God gestel as 'n arme, en hy het God se belofte van beskerming afsmeek (Frame 2006 : 766). Hierdie gedagte van geestelike armoede, of eerder 'n besef van totale afhanklikheid van God, word later in Matt 5:3 met Jesus se bergrede uitgewys as 'n deug om na te streef (Kanyandago 2005 : 119).

So beskou, kan ons tog sê dat God hom aan die kant van die arme skaar. Die navorser voel egter dat hierdie stelling al deur baie vryheids-teoloë misbruik is. God is tog nie teen die nie-armes net omdat hulle ryk is nie, net soos wat Hy nie ten gunste van die armes is net omdat hulle arm is nie. God is hier aan die kant van die arme omdat hulle onderdruk was. Hy was partydig vir die arme omdat hulle 'n goeie saak gehad het maar niemand was bereid om deur die regte kanale hulle saak vir hulle te stel nie (Frame 2006 : 766).

Bogenoemde lig ons in oor wie die armes is soos bespreek in die Bybel. Om 'n duideliker prentjie te kry sal ons oorsigtelik kyk na armoede soos beskryf in die Ou - en Nuwe Testament. Die navorser beskou Israel se beskouing van armoede as belangrik, omdat Israel die eerste geloofsmeenskap was. Hulle belewenisse van God is tot vandag toe nog vir ons belangrik; ons kan hulle nie ignoreer nie, al het hulle in 'n tyd en kultuur geleef wat ingrypend verskil van ons moderne tyd. Hoewel ons moderne samelewing nie die Israelitiese samelewing kan naboots nie, is dit sinvol om in ons benadering kernwaarhede te inkorporeer. Hierdie idee geld ook vir Jesus Christus se siening en behandeling van die armes, asook dié van die Kerk in die eerste eeu. Derhalwe sal die navorser die toepaslike gedeeltes in die Ou- en Nuwe Testament afsonderlik bespreek om 'n geheelbeeld van armoede te kry. Verskillende outeurs

word ook afsonderlik bestudeer, omdat interpretasie 'n groot rol speel in hierdie verband.

2.1.1 Armoede en Armes in die Ou Testament

Uit die studie van die Diakonale versorgingsmodel** sien ons dat op talle plekke in die Ou Testament die belangrikheid en noodsaaklikheid beklemtoon word om uit naasteliefde barmhartigheid aan die mens in nood te bewys. Die diepste basis en motief vir die opdrag om barmhartigheid te bewys word gebore uit die liefde, sorg en barmhartigheid wat God vir sy volk het. In die Ou Testamentiese familie-struktuur was persone selfonderhoudend ten opsigte van hulle basiese lewensbehoefte. Voedselvoorsiening, beskerming, en die versorging van siekes, bejaardes, weduwees, wese en armes is binne hierdie struktuur behartig. Dit is egter belangrik om daarop te let dat vreemdelinge nie op hierdie versorging aanspraak kon maak nie; hulle het geen regte gehad nie en was, soos weduwees en wese, maklik uitgebuit.

August (2003 : 31) sê dat God vir sy volk die land met oorvloed gee, waarin almal deel. God het in die Ou Testament die grond wat Israel besit en hulle 'n bestaan gevoer het aan hulle gegee. Van sy volk het God verantwoordelike rentmeesterskap verwag. Derhalwe lees ons in Deuteronomium 15:11 “Daar sal altyd armes in jou land wees, en daarom het ek jou beveel om vrygewig te wees teenoor jou mede-Israeliet wat in nood is en arm is”; in Deuteronomium 15:4-5 “As jy maar net luister na die Here jou God en gehoorsaam is aan al hierdie gebooie wat ek jou vandag gee en daarvolgens lewe, sal daar nie 'n arme onder jou wees nie, want die Here sal jou baie voorspoedig maak in die land wat Hy jou gee om as jou eie te besit.” God gee ook beveiligings -meganismes en -sisteme (die navorser bespreek dit later meer omvattend) in die ekonomiese stelsel, waarvan die doel tweeledig was (August 2003: 33).

Dit het eerstens die volk nie slegs beskerm teen armoede nie, maar tweedens, ook vir mense die moontlikheid gegee om oor te begin. Hierdie begrip toon ook vir die gelowige vandag dat dit in God se hart lê dat persone, ook op 'n ekonomiese manier, die geleentheid gebied word om 'n nuwe begin te kan maak.

Spreuke 14:20 dui vir ons aan dat die skrywers van die wysheidsliteratuur baie simpatie gehad het met die armes, terwyl die profete hulle baie sterk uitgespreek het teenoor die verdrukking van die armes (August 2003: 34).

Sider (1977: 54) sê dat die Bybel vir ons 'n fundamentele begrip wil leer - iets wat ons gewoonlik miskyk; elke keer toe God op 'n kritieke oomblik ingegryp en so ook sy persoonlikheid en wil bekend gemaak het, het God ook ingegryp om die armes en verdruktes te red. God is dus in besonder oor die armes en verdruktes besorg. Spreuke 14:31 verwys na God se ontferming: "Wie 'n arm mens verdruk, beledig sy Maker; wie hom oor 'n arm mens ontferm, eer God". Spreuke 19:17 voer dit verder: "Wie hom oor 'n arm mens ontferm, gee 'n lening aan die Here, en Hy sal hom ten volle vergoed."

Toe God vir Moses by die brandende bos geroep het, was dit sodat die swaarkry van die volk beëindig kon word. Met die eksodus uit Egipte het God met sy eie mag sy volk se slawerny beëindig. God het seker gemaak dat sy volk ook weet dat dit Hy was wat hulle van slawerny en onderdrukking bevry het. (Eks.20:2; Deut.5:6) Eksodus is dus 'n keerpunt in die geskiedenis van die volk, 'n oomblik waar God ingegryp het om die onderdruktes te red en die armes te bevry (Sider 1977: 55).

Ongelukkig eindig die verhaal van Israel nie daar nie: ons sien hoe God se passie vir geregtigheid téén sy volk draai. Toe Israel onderdruk was het God hulle bevry, maar toe hulle sêlf die onderdrukkers word, het God hulle swaar gestraf. Hy het sy Wet vir hulle gegee sodat hulle in vrede en regverdigheid kon leef. Hulle het die Wet nie gehoorsaam nie; as gevolg daarvan is hulle vernietig en in ballingskap weggestuur. Wanneer die navorser die profete bestudeer wat die volk gewaarsku het teen die toorn van God, vind die navorser dat een van die grootste redes hiervoor die mishandeling en uitbuiting van die armes was; die mense wat geen regte gehad het nie. (Sider 1977 : 55)

Die boek Amos bevat 'n goeie voorbeeld in hierdie verband. In die agtste eeu voor Christus was die Noordelike stamme op politieke en ekonomiese gebied uiters vooruitstrewend. God stuur toe vir Amos om die boodskap aan hulle oor te dra dat Hy van plan was om hulle koninkryk te vernietig; ten spyte van die voorspoed wat die volk geniet het was die onderdrukking van die armes aan die orde van die dag. Amos (2 : 6-7) praat van "arm mense wat vir 'n paar sandale verkoop word" en "swakkes

wie se koppe in die grond vertrap word, verontregting van dié wat nie hulself kan verweer nie”. Amos 5:10-15 beskryf hoe die armes in die howe geen hoop gehad het nie omdat die rykes die regter omkoop het (Sider 1977: 56). Die verdrukking van die armes was egter nie die enigste faktor in die stamme van Israel se vernietiging nie. Afgodsdienste en ongehoorsaamheid was algemeen in daardie tyd, maar duidelik het die verdrukking van die armes die vernaamste rol in hierdie tragedie gespeel.

Die profete het ook na Juda gegaan en hulle gewaarsku dat Israel se lot hulle ook gaan tref vanweë hulle verdrukking van die armes. Jesaja waarsku die volk (10:2): “Julle verdraai die reg van die armes, julle ontsê die armes van my volk hulle regte, julle buit weduwees uit, julle plunder weeskinders”. Die profeet Miga (2:2b) het hom uitgespreek teenoor dié in Juda wat “ ‘n man kul uit sy huis uit, ‘n mens uit sy besittings uit.” Juda was egter meer ontvanklik vir die profetiese woorde en is vir ‘n tyd lank gespaar (Sider 1977: 57). Ongeveer ‘n honderd jaar na Jesaja het Jeremia egter teen die rykes gepreek wat hulle rykdom verkry het deur die armes te onderdruk (Jer. 5).

Jer. 5: 26-29 is ‘n goeie voorbeeld van een van hierdie uitsprake. “Hulle boosheid ken geen perke nie, hulle verydel die reg van die weeskind en behartig nie die saak van die armes nie.”(5:28) Jeremia (5:5-7) belowe hulle egter later dat indien Juda hul ongeregtigheid en afgodery prysgee, hulle in die land van hulle voorvaders sal bly woon. Hulle slaan nie daarop ag nie en hou aan om die hulpeloses en armes te onderdruk (Jer.34:3-17). God laat hulle dan wegvoer na Babelonië. Hierdie gebeurtenisse in die geskiedenis van Israel wys vir ons dat die God van Eksodus steeds optree teen die onderdrukking van die armes (Sider 1977: 58).

Psalm 146 :8b-9 bevestig dit met die woorde: “Hy ondersteun die wat bedruk is. Die Here het die regverdiges lief. Hy beskerm vreemdelinge en help die weeskinders en weduwees, maar Hy versper die pad van die goddeloses.”

Hierdie is ‘n baie oorsigtelike beeld van hoe die skrywers van die Ou Testament op verskillende maniere armoede en die lot van die armes toegelig het. Daar is nog etlike voorbeelde wat hierdie kernwaarheid onderskryf; dit wat reeds bespreek is kan ons egter beskou as van die belangrikste beskrywings wat die grondbeginsels goed saamvat.

Die Bybelse siening van armoede en nie-armoede vanuit die Nuwe Testament beskou is eweneens vir ons van belang.

2.1.2 Armoede en Armes in die Nuwe Testament

Met die studie van die Diakonale versorgingsmodel** vind die navorser dat in die tyd van die Nuwe Testament daar in die Joodse gemeenskap talle verdraaiings plaasgevind het, en was barmhartighedsdiens meer wetties van aard. Vanuit hierdie wettiese voorskrifte was maatreëls neergelê wat tot gevolg gehad dat reinheidswette bepaal het wie barmhartigheid sou ontvang. Die randfigure en onreines van die samelewing kon dus nie aanspraak maak op die barmhartigheid wat deur die geloofsgemeenskap aan hulle verskuldig was nie. Barmhartigheid was later so geformaliseer dat iemand met gemak sy verantwoordelikheid kon ontduik.

Jesus se optrede was derhalwe heeltemal teen die hoofstroom van daardie tyd in. Hy was 'n Rabbi en Heer, en tog het hy ander gedien soos 'n dienskneg en het die samelewing geskok deur hom te wend tot randfigure en onreines byvoorbeeld siekes, heidene en sondaars. In Lukas 10:17-28 lees ons hoe Jesus barmhartighedsdiens verbind het met die liefdesgebod van God en jou naaste. Jesus wys uit dat ware naasteliefde die gelowige dwing om by die nood van ander betrokke te raak en ander te dien. Matteus 25:31-46, met die verhaal van die skape en die bokke, beklemtoon die feit dat barmhartighedsdiens 'n sigbare gestalte van die liefde vir God is.

In die boek van Handelingte kan ons sien hoe die eerste gemeentes mekaar met barmhartigheid bedien en hulle besittings onder mekaar verdeel het om so vir die armes te sorg. Diakens is verkies toe weduwees nie behoorlik na omgesien was nie. Die nagmaal is deur die liefdesmaal in direkte verband gebring met barmhartighedsdiens deurdat die uitdeel van kos en gesamentlike eetmaal 'n manier was om vir die armes te sorg.

In August (2003: 34) se studie oor oor armes en armoede, word verwys na Jesus wat in Lukas 4:18-19 die teks Jesaja 61:1-2; 58:6 aanhaal. In die verhaal van Lukas het Jesus in Sy tuisdorp Nasaret op die Sabbat vir die mense kom vertel wat die aard van sy bediening is. "Die Gees van die Here is op my omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan die armes te verkondig. Hy het My gestuur om vrylating vir gevangenis uit te roep en die herstel van gesig van blindes, om onderdruktes in vryheid uit te

stuur, om die genadejaar van die Here aan te kondig”. Weereens wys dit die gelowige op die hart van God vir dié mense wat as die uitgeworpenes van die samelewing beskou word.

August (2003: 35) verwys ook na drie ander belangrike Skrifgedeeltes in die Nuwe Testament wat die geloofsgemeenskap se verantwoordelikheid teenoor die armes beklemtoon. Jakobus 2:15-16: “Sê nou daar is ‘n broer of ‘n suster wat nie klere het nie en dag vir dag honger ly, en sê nou een van julle sou vir hulle sê: ‘Mag dit met julle goed gaan; gaan trek julle warm aan en eet genoeg,’ maar julle gee nie vir hulle wat hulle nodig het om van te lewe nie, wat help dit dan?”. 1 Johannes 3:17 sê weer : “ Wie aardse besittings het en sy broer sien gebrek ly, maar geen gevoel vir hom het nie – hoe kan die liefde van God in hom wees?”. Hebreërs 13:3 moedig die geloofsgemeenskap aan: “Dink aan die gevangenes asof julle self ook gevangenes is, en aan die wat mishandel word, asof julle self ook mishandel word.”

Ronald Sider (1977: 59) verwys ook na Lukas 4 as Jesus wat die Woord vervul in Homself, en vir die Jode vertel dat hy gekom het vir die armes die *goeie nuus* te vertel, en al was dit vir almal bedoel was hy spesifiek besorgd oor die armes. Dit is interessant om daarop te let dat daar persone is wat hierdie duidelike betekenis van Christus wil ontduik deur dit te spiritualiseer. Ons kan egter sien dat Jesus in sy bediening tog baie meer tyd onder die armes en onreines spandeer het as die mense wat aansien het. Toe God vlees geword het, was God nog steeds besig met die bevryding van die armes en onderdruktes en het Sy volk geroep om dieselfde te doen. *Dit* is die sentrale rede vir die Christelike besorgdheid oor die armes. (Sider 1977: 60)

As ons die lewe van Jesus in groter diepte bestudeer, kom ons agter wat God se identifisering met die armes werklik beteken. 2 Korintiërs 8:9 dien as die sleutel in hierdie verband : “Hoewel Hy ryk was, het Hy ter wille van julle arm geword, sodat julle deur Sy armoede ryk kon word.” Sider (1977:61) onderstreep hierdie gedagte met die feit dat Jesus in ‘n klein, onbelangrike provinsie in die Romeinse Ryk gebore is. Die eerste mense wat hom besoek by die krip was onrein herders wat baie Jode as diewe beskou het.² Toe Jesus se ouers ‘n reinigingsoffer vir swangerskap³ moes bring kon hulle nie ‘n lam bekostig nie maar het toe 2 duiwe na die tempel gebring. Hy was ‘n vlugteling na Egipte en het toe saam met sy ouers as kind na Galilea geïmmigreer.

² Die navorser herhinner tog daaraan dat die drie wyse manne waarskynlik ryk was; dit kan daarop wys dat om ryk te wees nie verwerping beteken nie.

Rabbis het ook geen vaste inkomste gehad nie, en Jesus het self nie 'n huis van Sy eie gehad nie. Jesus het ook sy dissipels in armoede ingestuur.(Luk.9:3; 10:4) Sy identiteit as Messias het gekom van Sy vereenselwiging met die armes en onderdrukte, en toe Johannes die Doper se dissipels vir Jesus kom vra (Matt.11:2-6) of Hy werklik die Messias was het Jesus net na sy dae verwys. Hy het die siekes gesond gemaak en vir die armes die Goeie Nuus meegedeel. Christus sê in Matteus 11:6 “En gelukkig is elkeen wat nie aan My begin twyfel nie. Sider (1977: 62) verwys dan na Matteus 25:35-40 en vra hoe moet dit voel om die Skepper van Hemel en Aarde te voed en klere te gee - dat die enigste manier om dit uit te vind is om na die armes met nuwe oë te kyk en hulle te help.

2.2 Die Christen se perspektief oor die arme

Bryant L. Myers (1999: 61) bespreek die perspektiewe van Christene oor die armes. Hierin lig hy foutiewe Bybelse beelde toe wat daar bestaan oor die armes :

Armes is gemaak volgens die beeld van God.

Hierdie beeld kom van die skeppings-narratief van Genesis 1-2 en is 'n ietwat geromantiseerde voorstelling van die armes. Aldus hierdie siening is armes 'n uitdrukking van God se skepping, met Sy heerlikheid wat in die arme 'verskuil' word. Armes het bloot nie genoeg kennis, vaardighede en geleenthede nie. Hulle het daarom geleenthede nodig om die kennis en vaardighede te bekom. Die Christelike antwoord hierop sou wees om hulle 'n kans te gee om produktief te wees.

Armes is mense wat rebelleer.

Hierdie siening het sy oorsprong uit die teologiese tema van die sondeval. Genesis 3 en Spreuke wys dat hulle lui is en dat hulle swak keuses maak. God help dié wat hulle self wil help. Hierdie mense is dus arm omdat hulle teen God rebelleer, en hulle kultuur hou hulle arm. Die Christelike antwoord hierop is dan om die armes bloot te stel aan die evangelie sodat hulle dit kan aanvaar, werk gaan soek en beter keuses maak.

Arm mense as Christus wat vlees geword het

³ Lukas 2:24. Levitikus 12:8 verwys in hierdie verband na die wet.

Hierdie siening van sommige Christene spruit uit die teologiese tema van Christus wat vlees geword het. Soos moeder Theresa sien hulle “Christus vermom as die armes”. Matteus 25: 39 sê mos “Vir sover julle dit aan een van die geringste van hierdie broers van My gedoen het, het julle dit aan My gedoen.” Daarom het die armes net liefde en begeleiding nodig, en moet ons hulle ellende sover moontlik verlig.

Die armes is God se witbroodjies.

Hierdie siening is afkomstig van die profetiese literatuur en die Eksodus verhaal vanuit die profetiese en eskatologiese perspektiewe. Die armes is die geseëndes; aan hulle behoort die koninkryk van God. Hierdie gedagte kom ook voor in die vryheidsteologie. Hulle armoede is die gevolg van hulle verdrukking deur sosiale sisteme wat hulle arm hou te gunste van die nie-armes. Daar moet geregtigheid aan die armes geskied en vir hulle seggenskap gee in die ekonomiese en politieke sisteem.

Die armes as verlore siele

Skrifgedeeltes wat hierdie siening onderskryf is Matteus 28 en Handeling 1 soos wat mense selektief dit gelees het, en onderstreep die digotomie tussen die fisiese en geestelike dimensies van die moderne wêreld. Hierdie benadering kom vanuit die teologiese raamwerk van redding en soteriologie. Die armes is verlore, en omdat die koninkryk van Jesus Christus met sy terugkoms oppad is, moet die armes gered word. Die evangelie moet met dringendheid aan die armes verkondig word omdat hulle lewens soveel beter sal wees in die hiernamaals.

Ons moet bewus wees van mense se verskillende beskouings oor die armes omdat dit verhoudings kan affekteer wanneer daar saamgewerk moet word om ‘n gemeenskap te ontwikkel. Armes is gewone mense met gewone behoeftes, en moet so ook met respek behandel word.

Die Skriftuurlike beskouing van ons onderwerp raak nie alleenlik die armes nie, maar is ook van toepassing op die nie-armes. Daarom stel die navorser ook ondersoek in oor wat die Skrif vir ons sê oor rykdom, of te wel die nie-armes.

2.3 Die Bybelse perspektief oor Rykdom en Nie-armes

Frame (2006: 760) wys uit dat die Skrif oor die algemeen ‘n goed gefundeerde siening oor rykdom het. Rykdom is deel van God se verbondsbelofte; voorspoed wat

belowe word aan hulle wat God gehoorsaam.⁴ Rykdom en armoede kom van God, (1 Sam.2:7; Job1:21) maar die mens se inspanning is een van die maniere wat God gebruik sodat persone finansiële sukses sal behaal (Spr.10:4). Die geloofsvaders Abraham, Dawid en Job is bekende voorbeelde van gelowiges met groot persoonlike rykdom. Om rykdom te hê was nie ‘n sonde nie; net soos wat dit nie ‘n sonde was om die rykdom te geniet nie. Jesus self het saam met die nie-armes geëet (Luk.7:36-50; 11:37; 12; 14:1). Paulus herhinner ons egter in 1 Timoteus 6:17 “Dié wat in hierdie wêreld ryk is, moet jy waarsku om nie hooghartig te wees nie. Hulle moet nie hulle hoop op die onsekerheid van rykdom vestig nie, maar op God *wat alles ryklik aan ons gee om te geniet.*” God gee vir ons rykdom om te geniet, maar dit kan ook ‘n dodelike strik wees vir die wat nie op hulle hoede is nie (Frame 2006: 760).

Jesus self het telkens gepreek oor die strik van die rykdom :

- Mat. 6:19-20 “Moenie vir julle skatte op aarde bymekaarmaak...”
- Mat. 6:24 “Julle kan nie God én Mammon dien nie.”
- Mat. 19:24 “Dit verseker Ek julle: ’n Ryk mens sal moeilik in die koninkryk van die hemel kom”
- Lukas 12:13-21 Die gelykenis van die Ryk dwaas
- Lukas 16:19-31 Die Ryk man en Lasarus

In die boek Jakobus (5:1-6) word daar ook erg teen die korrupsie van rykdom gepraat, met die liefde vir geld wat tot die mens se ondergang lei. Ons hoop vir die toekoms lê tog nie in ons besittings nie maar in die hande van God. Daarom leer die Bybel nie net dat jy tevrede moet wees met wat jy het nie, maar ook bereid sal wees om vir die armes te gee. (Matt.19:21) (Frame 2006: 762)

Wat wil die Bybel ons leer oor rykdom en die gebruik daarvan deur nie-armes? Anderson** (2003) sê dat die Skrif eerstens nie rykdom veroordeel nie en dat dit ‘n teken kan wees van God se seën. Tweedens het die Bybel nie-armes veroordeel vir die manier waarop hulle hierdie rykdom bymekaar gemaak het. Laastens moet Christene let op die effek van rykdom in hulle lewens: om God te vergeet (Spr.30:8-9; Hosea 13:6), ‘n onvermoë om hulle rykdom te geniet (Pred.2; 5) en hoogmoed. (Jer.9:23)

⁴ Voorbeelde hiervan kry ons o.a. in Deut. 8:18, 29:9, Jos. 1:7-8, Markus 10:29-30 ens

Dit kom gewoonlik nadat die persoon hom-/haarself nie meer beskou as iemand wat van God afhanklik God afhanklik is vir die voorsiening van sy/haar behoeftes nie.

Die navorser het tot dusver getoon hoe die Bybel armoede op verskillende wyses benader soos wat omstandighede bepaal het. Hy het ook uitgewys dat daar verskeie perspektiewe vandag in die Christelike gemeenskap oor die arme bestaan. Sommige hiervan is duidelik patroniserend van aard. Omdat die navorser die NGKerk en die oorgrote meerderheid van lidmate beskou as nie-armes is dit belangrik om veral die Skriftelike siening van rykdom te bestudeer.

Voordat daar verder ondersoek ingestel word oor die NGKerk se reaksie op armoede, moet daar eers gekyk word hoe die geloofsgemeenskap van die Skrif armes versorg het en die sisteme wat daarvoor voorsiening gemaak het.

2.4 Beskermingsisteme teen Armoede

Volgens John Frame (2006: 767) was die volgende sisteme deel van die volk:

1. Die Familie

Soos vandag nog is die familie die vernaamste beskerm teen armoede. In Israel was dit 'n gegewenheid dat ouers vir hulle kinders sal sorg, kinders vir hulle bejaarde ouers en die ouers 'n erfenis vir hulle kinders sou nalaat. Die Jubeljaar (Lev.25:8-17) het voorsiening gemaak vir die herwinning van eiendom wat vroeër verkoop was om armoede te bestry.

2. Sabbatsjaar

Aan die einde van die sewende jaar moes 'n krediteur alle skulde van sy volksgenoot kanselleer (Deut.15:1-3). Hierdie praktyk van korttermyn skulde is vandag nog 'n goeie beginsel as teenvoeter teen armoede.

*3. Die Losser*⁵

Levitikus 25:25 sê: “Wanneer 'n Israeliet deur armoede verplig was om van sy grond te verkoop, moet die naaste manlike familielid dit vir die eienaar terugkoop.” Soos in die verhaal van Rut het hierdie gebruik haar gered van 'n ellendige armoedige bestaan.

⁵ “Losser” / “Kinsman-Redeemer”.

4. Tiendes

Tiendes moes ook voorsien aan die nood van die armes. Deut. 14:28-29 het die volk beveel “Om die drie jaar moet jy die volle tiende van daardie jaar se opbrengs in jou dorpe gaan wegpak. Dan kan die Leviëte wat nie ’n eie grondgebied as besitting saam met jou gekry het nie, die vreemdelinge, die weeskinders en die weduwees in jou omgewing genoeg eet. As jy dit doen, sal die Here jou God jou voorspoedig maak in alles wat jy aanpak.”

5. Rente- vrye Welwillendheids-lenings

Deut. 15:7-11 bevat dié opdragte: “As daar in een van die dorpe in die land wat die Here jou God aan jou gee, ’n arme is, ’n mede-Israeliet, moet jy nie hard en suinig wees teenoor so ’n broer van jou wat arm is nie. ⁸Wees vrygewig teenoor hom en leen hom wat hy nodig het. ⁹Moenie sondige gedagtes herberg en dink dit is nie goed om jou broer wat arm is te help nie omdat die sewende jaar, die jaar van die afskrywing, op hande is nie. Hy mag hom teen jou op die Here beroep, en jy sal skuldig staan. ¹⁰Gee vrylik aan jou broer wat arm is, en moenie sleg voel omdat jy vir hom gegee het nie, want juis omdat jy vir hom gee, sal die Here jou God jou voorspoedig maak in alles wat jy doen en aanpak. ¹¹Daar sal altyd armes in jou land wees, en daarom het ek jou beveel om vrygewig te wees teenoor jou mede-Israeliet wat in nood is en arm is.” Hierdie teksgedeelte onderstreep vir die navorser die beginsel dat God se mense vrygewig moet wees aan die arme wat (vir nie-kommersiële doeleindes) behoefte het aan ’n lening (Frame 2006: 768).

6. Die optel van graan⁶

Ter wille van die armes het die wet (Lev.19:10; 23:22) vereis dat die wyse waarop die oes ingesamel was beperk word. Landeienaars moes die randte van die land oorlos vir die armes om te oes. Hierdie koring het die armes gered van die ekstreme ellende van hongerte. Die verhaal van Rut in die Bybel is ’n goeie voorbeeld van hoe sy deur hardwerkenheid en vernuf tydens die oestyd vir haar en haar skoonma Naomi gesorg het.

Die beginsel van hierdie “optel van graan”- sisteem is nie so moeilik om in ons moderne nie-landelike samelewing toe te pas nie. Bruikbare bederfbare en nie-

⁶ “Gleaning”.

bederfbare surplus voedsel afkomstig van byvoorbeeld supermarkte en restaurante kan effektief na instansies wat armes versorg gekanaliseer word (Frame 2006: 769).

7. Die Werk-etiek

2 Tess. 3:10b sê: “As iemand nie wil werk nie, moet hy ook nie eet nie”. Wanneer ‘n gemeenskap hierdie beginsel onderskryf, moedig dit persone aan om verantwoordelikheid te aanvaar vir hulle eie finansiële situasie. Die navorser sien dit as ‘n vorm van bemagtiging; die persoon word gemotiveer om hom/haarself nie te beskou slegs as die hulpelose prooi van omstandighede nie.

8. Finansiële wysheid

Jesus se woorde oor die bou van ‘n toring (Luk.14:28) maan ons om met wysheid te besin oor ekonomiese sake. Deur kinders te onderrig oor wysheid rondom geldsake help dit om hulle te beskerm teen armoede.

9. Mededeelsaamheid

Die versorging van die arme deur middel van mededeelsaamheid, lê aan die grondslag van Christelike etiek. Paulus sê juis in die 2 Kor. 9:7 “Elkeen moet gee soos hy hom in sy hart voorgeneem het, nie met teensin of uit dwang nie, want God het die blymoedige gewer lief.” Handeling 4:32b sluit hierby aan “Niemand het sy goed net vir homself gehou nie, maar hulle het alles met mekaar gedeel.” Hierdie is nie kommunisme nie, maar die vrymoedige deel met mekaar toe mense in nood verkeer het (Frame 2006: 770).

10. Gasvryheid.

Hierdie is ‘n komponent van mededeelsaamheid. Tekste soos Rom 12:13 “help die medegelowiges in hulle nood en lê julle toe op gasvryheid” en 1 Pet 4:9 “wees gasvry teenoor mekaar sonder om te kla,” wys vir ons hoe belangrik hierdie gawe was in die vroeë kerk. Gasvryheid beteken nie om te “onthaal” soos wat ons graag vandag doen nie, maar eerder om bereid te wees om jou huis kosteloos oop te stel soos wat dit nodig word. Hierdie is van toepassing op armes so wel as gelowige reisigers. Gasvryheid as eienskap was ook ‘n voorvereiste vir ‘n ouderling, en was ‘n belangrike element in die verkondiging van die evangelie in die tyd van die vroeë kerk (Frame 2006: 771).

Die geloofsgemeenskap van die Bybel het nie altyd hierdie sisteme gehoorsaam nie. Hoewel Jesus gesê het in Matt 26:11 “Die armes het julle altyd by julle...”, stem die navorser saam met Frame (2006: 771) dat die geloofsgemeenskap deur die genade van God ‘n wesentlike verskil kan maak aan die probleem van armoede.

Die navorser is van mening dat dit gepas is om hierdie hoofstuk af te sluit met ‘n skrifgedeelte uit die Ou Afrikaanse Vertaling van 1 Tim 6:17-19 :

“Beveel die rykes in die teenwoordige wêreld om nie hoogmoedig te wees nie en ook nie hulle hoop te stel op die onsekerheid van die rykdom nie, maar op die lewende God wat ons alles ryklik verleen om te geniet; dat hulle goed moet doen en ryk wees in goeie werke, vrygewig, mededeelsaam, en vir hulle ’n skat weglê, ’n goeie fondament vir die toekoms, sodat hulle die ewige lewe kan verwerf.”

Hierdie Skrifgedeelte is van toepassing op individue, kerke en nasies - op enige groep wat kwalifiseer as nie-arm, en ‘n groter stuk materiële rykdom het. (Prior 1965: 31)

Dit is teen die agtergrond van hierdie teksverse dat die navorser in die volgende hoofstuk ondersoek instel na die voorkoms van armoede en nood in die Stellenbosch area.



HOOFSTUK 3: DIE DEMOGRAFIESE PROFIEL VAN STELLENBOSCH

Die navorser het die ondersoek ingestel oor die demografiese profiel van Stellenbosch en statistieke rakend die sosiale nood van die mense in die omgewing. Die navorser is wel daarvan bewus dat die syfers wat hier gebruik word nie noodwendig korrek is vir 2006 nie, omdat die jongste beskikbare syfers uit die 2001 sensus geneem is. Hierdie syfers is egter bruikbaar omdat hulle ons volgens die groeikoerse min of meer 'n idee gee hoe die populasie vandag lyk.

Hoekom het ons dan demografiese statistieke nodig? Hierdie inligting is baie belangrik in die proses wat organisasies – veral Godsdiens-organisasies⁷ - instaat stel om 'n aktiewe en effektiewe rol te speel in die verligting van armoede en nood.

Volgens die *Transformation Research Project* (TRP) gee gegewens nie net 'n gesig aan die probleem van armoede nie, maar kan ook dien as motivering vir organisasies om regtig iets aan die probleem van armoede te doen (TRP 2005:4).

Die potensiaal van die kerklike sektor is geweldig groot; dit is die grootste organisasie wat nie deel van die regering is nie. Ongeveer 63% van die Christen bevolking word elke week bereik; leierskapspotensiaal en menslike hulpbronne is verreikend. Veralgemeentes het 'n goeie infrastruktuur wat kontak hou met realiteit en elke huishouding kan bereik (TRP 2005:4). Die kerk is dus ook in die posisie om te help uitbou aan noodsaaklike gemeenskaps netwerke, waarsonder konstruktiewe, onderhoubare aksies moeilik sal realiseer.

3.1 Demografie van Stellenbosch

Stellenbosch het 'n populasie van ongeveer 60,526 mense in hulle omgewing (TRP 2005:11), en die basiese indikatore lyk as volg:

Populasie: Swart – 25.2%

Kleurlinge – 41%

Wit – 33,3%

Indiër – 0.3%

Ouderdom: 0-19 jaar – 33,6%
20-34 jaar – 34,7%
35-49 jaar – 17%
50 en ouer – 14%

Gemiddelde inkomste per jaar: R81,676

Taalgebruik: Xhosa –22,7%
Afrikaans – 66,7%
Engels – 8,5%

Godsdienstige affiliasie : Christen – 88,1%
Islam – 2,1%
Geen – 8,1%

Die TRP (2005: 10) wys vir ons uit dat die populasie gegroei het in die tyd tussen die 1996 en 2001 sensusse met ongeveer 5,094, terwyl die aantal huishoudings gegroei het met 6,893. Die gemiddelde ouderdom van die area was toe 28,7 jaar; wat ook die presiese gemiddelde ouderdom van die Wes-Kaap was. Die gemiddelde inkomste van persone in die Stellenbosch area was effens hoër in verhouding tot dié van die Wes-Kaap waar die gemiddeld toe R76,000 was. Die werkloosheid syfer het egter gestyg met 3,9% tot 12,1% in 2001, met net 69% van huishoudings in die dorp wat lopende water het. 54% het huise wat staan op hul eie standplase, en 18,2% bly in blokke woonstelle. Kerksgewys was 26% van die mense in die dorp deel van die NG kerk familie, die ander Apostoliese kerke was 10,9%, met die ander Christen kerke op 11,5%.


3.2 Nood-Analise

In die TRP (2005: 8) was die doel van die nood-analise om die verskillende tipes sosiale nood van 'n sekere gebiede te prioritiseer met die hulp van mense uit die gemeenskap self. Ses fokusgroepe van verskillende ouderdomme en geslag was ondervra; nl. 16-24 jaar, 24-44 jaar en 45+ jaar.

⁷ “Faith based organisations” (FBO)

Persoon tot persoon interaksie is gebruik om sosiale ontwikkeling nood te identifiseer. Op hierdie manier was die prioriteite van die gemeenskap wat aandag moet kry geïdentifiseer. Die analise het daarna gestreef om so eenvoudig moontlik te wees, om effektief die nood van die gemeenskap te identifiseer, en so betroubaar moontlik die gegewens weer te gee, ook waar mense nie-geletterd was (TRP 2005: 9).

Die prioriteite van 'n gemeenskap is bepaal deur die verskillende groepe se persepsie van hoe belangrik 'n fasiliteit in hulle gemeenskap is, en dit te vergelyk met hoe tevrede hulle is met die huidige fasiliteit. Nadat die prioriteite van 'n gemeenskap bepaal is, is die data gebruik om 'n gemeenskapsprofiel op te stel. In hierdie profiel is die nood van die gemeenskap vergelyk met die fasiliteite/dienste soos uitgewys. DeWet Schutte (TRP 2005: 9) toon aan dat daar 13 fasiliteite is wat dien as hoekstene tot die oorlewing van enige gemeenskap. Hiervan is die eerste ses die behoefte van die individu, en die oorblywende sewe die sosiale nood met betrekking tot die interaksie met ander mense :

- 
1. Skuiling
 2. Gesondheidsdienste
 3. Sanitasie
 4. Water
 5. Kos
 6. Energie
 7. Veiligheid
 8. Inkomste
 9. Opvoeding
 10. Ontspanning
 11. Godsdiens
 12. Maatskaplike dienste
 13. Vervoer

Daarna word die eenheid van die gemeenskap beoordeel deur ondersoek in te stel na die bestaande sosiale ondersteuningsdienste, die onderlinge vriendskappe wat die gemeenskap met mekaar het en of die mense trots is om deel te wees van hierdie gemeenskap (TRP 2005:9).


Die navorser gaan egter fokus op 2 van armste gebiede nl Cloeteville en Khayamandi. Cloeteville het 'n populasie van ongeveer 6,249 mense, en Khayamandi 'n populasie van ongeveer 13,712.

3.2.1 Cloetesville

Uit 8 verskillende gebiede in Cloetesville is 48 mense ondervra.

Dié was die belangrikste 5 prioriteite wat identifiseer is:

1. Jeug-projekte en kospakkies : Die rede hiervoor is dat die jongmense in die area niks het om te doen nie en dan geneig is om misdaad te pleeg. Mense sukkel ook om genoeg geld te maak om altyd kos op die tafel te sit en is daar 'n groot behoefte om hulp in hierdie verband.
2. Bendes, dwelms en geweld : Die jeug het baie keer niks anders om te doen nie en raak dan by geweld betrokke. Hierdie is 'n probleem wat by die dag vererger.
3. Sport en ontspanning : Daar is baie min plekke waar die kinders veilig kan ontspan en aan sport deelneem, hulle raak dan eerder betrokke by bendes en dwelms.
4. Behuising : Almal het nie altyd 'n plekke van hulle eie om in te bly nie.



Ander prioriteite wat identifiseer is, is in volgorde : 'n dag hospitaal, werk, opvoeding en opleiding, maatskaplike dienste, polisie, munisipale dienste, winkels, riooldienste, ambulanse en water. (TRP 2005: 24)

Volgens Schutte kan verder ondersoek ingestel word t.o.v. behoeftes volgens hierdie lys van nood/fasiliteite/dienste :

Skuiling

Dit sluit aan by die behoefte van behuising. Baie mense bly nog in agterplase en het nie ordentlike sanitasie nie.

Gesondheidsdienste

Die daghospitaal is 'n probleem omdat hulle baie weggewys word of net nie gehelp word nie. Medisyne is skaars, en die ambulansdiens is besig om te disintegreer.

Sanitasie

Weerens wys dit na behuising waar mense glad nie toilette in die huis self het nie, met die munisipaliteit wat slegs teen betaling aanbied om vir hulle toilette in te sit.

Water

Baie mense het glad nie toegang tot water of elektrisiteit in hulle huise nie.

Kos

Die prioriteit van kospakkies wys vir ons uit hoe groot nood hierdie saak vir mense in hierdie area.

Energie

Straatligte is gebreek of dood en die munisipaliteit herstel dit nie. Mense voel onveilig as dit donker word.

Veiligheid

Die mense sien die polisie as heeltemal onbetroubaar, en bendes bedreig die gemeenskap en die jeug.



Inkomste

Werk is 'n groot behoefte, en baie mense sit sonder werk en kan net nie werk kry om 'n vaste inkomste te genereer nie.

Opvoeding

Mense in die area het 'n behoefte aan programme wat opleiding vir hulle bied omdat hulle regtig die kans wil hê tot 'n beter werk.

Ontspanning

Jeug-projekte is bo-aan die lys van geïdentifiseerde prioriteite in die omgewing om hopelik op hierdie manier die jongmense uit die kwaad te hou en ook voor te berei vir die toekoms. Sportvelde en parke word gevra sodat kinders veilig kan speel en oefen.

Godsdienst

Die mense was oor die algemeen baie tevrede met die godsdienst/kerklike situasie.

Maatskaplike dienste

Bendes, dwelms en misdaad is hier 'n groot probleem en die mense sukkel om hulle kinders daaruit te hou. Maatskaplike dienste soos pensioen veroorsaak vir baie kopseer omdat dit ontoereikend is en mense honger ly. Hulpdienste aan die mense is ontoereikend.

Vervoer

Ambulansdienste word gesien as uiters swak. Winkelsentrums word benodig omdat mense ver uit hulle eie gebied moet ry om iets te gaan koop.



Dit is interessant om op te let dat alhoewel nie een ouderdomsgroep dieselfde behoefte aangedui het nie, daar tog 'n baie groot gevoel van eenheid onder die mense bestaan. Hulle is nie net trots as 'n gemeenskap nie, maar het goeie vriendskappe wat hulle koester onder mekaar en hulle help mekaar as dit swaar gaan.

Die ekonomiese onderhoubaarheid van die area is egter 'n probleem omdat so baie mense werkloos is en afhanklik is van die staat vir toelaes of pensioen, waarvan die hele gesin gewoonlik afhanklik is.

Die mense voel hoegenaamd nie veilig waar hulle woon nie. Die polisie word nie vertrou nie, en bendes vier hoogty.

Vervoer word deur baie gesien as die probleem wat veroorsaak dat mense nie by winkels, mediese sorg of hulle werkplekke kan uitkom nie. (TRP 2005: 24)

3.2.2. Khayamandi

Die belangrikste vyf prioriteite identifiseer in Khayamandi, is:

1. Werkloosheid : Baie mense sit sonder werk, en het 'n groot behoefte aan werkseleenthede sodat hulle vir hulle gesinne kan sorg.
2. Elektrisiteit : Mense sukkel in die aande wanneer die son gaan sak omdat hulle nie genoeg lig het om altyd te studeer of huiswerk te doen nie. Hulle gebruik soms elektrisiteit onwettiglik en stel hulself en ander in gevaar. Hierdie probleem word as rede aangegee vir al die vure in die omgewing.
3. Polisiediens : Mense kla dat die polisie baie lank neem om te reageer op hulle klagtes, indien hulle enigsins die mannekrag of voertuie het om uit te gaan en hulle te help.
4. Parke : Kinders het geen plek om te speel nie, en moet baie ver loop na die naaste sokkerveld. Daar is dus 'n groot behoefte aan 'n plek waar kinders kan speel maar naby genoeg is dat die ouers oor hulle kan waak.
5. Behuising : Mense kla oor die huise wat hulle het, en die feit dat dit dit so opmekaar is. Omdat so baie mense in een huis bly gebeur dit baie maklik dat die mense mekaar vinnig aansteek met siektes soos tuberkulose. Daar is 'n groot behoefte aan huise met toilette en elektrisiteit.

Ander prioriteit in hierdie gebied is munisipale dienste, ontspannings-sentrums, paaie, vervoer, sportvelde, ambulanse, klinieke, publieke swembaddens, skole, biblioteke, 'n brandweer en 'n ouetehuis. (TRP 2005: 34)

Schutte identifiseer verdere terreine waar nood/fasiliteite/dienste aandag benodig:

Skuiling

Die behuising wat vir hulle gegee word deur die regering is nie van baie goeie gehalte nie, en is daar selfs sommige wat hulle ou sinkplaathuisies verkies omdat dit soveel groter is. Hulle het 'n groot behoefte aan huise wat meer as een vertrek het.

Gesondheidsdienste

Daar is ongelukkig nie genoeg klinieke nie, en die wat daar is is oorvol en die verpleegters help hulle nie altyd nie.

Siekies wag 'n hele dag in 'n ry om 'n dokter te sien, en selfs dan is daar nie altyd medisyne nie. Persone het ook geen plek om te gaan as hulle in die nag sou siek word nie, en die ambulans kom haal hulle nie by die huis nie.

Sanitasie

Die munisipale dienste hou nie die strate skoon nie. Buite- toilette wat nie deur die munisipaliteit skoongemaak word nie is 'n gesondheids- risiko.

Water

Die mense het nie spoeltoilette nie; daar is 'n behoefte aan skoon toilette binne die huise self.

Kos

Werkloosheid maak dat die mense nie altyd kos op die tafel kan sit nie. Wanneer daar niks in die huis is om te eet nie, is dit veral swaar vir die mans van wie daar verwag word om broodwinners te wees



Energie

Die mense van Khayamandi het nie slegs 'n behoefte aan 'n brandweer om die gereelde brande te blus nie, maar ook aan elektrisiteit in hulle huise in die plek van parafien lampies wat soms hierdie brande in hulle area veroorsaak.

Veiligheid

Hierdie verwys na hulle behoefte aan 'n brandweer in hulle area, en aan 'n meer effektiewe polisie diens.

Inkomste

Werkloosheid is baie hoog in hierdie area en mense kan nie altyd kos op die tafel sit nie.


Opvoeding

Die skole is nie net oorvol nie, maar kinders kry ook nie plek in die skole self nie. Onderwysers sukkel om die kinders te beheer en daar is geen sportgronde naby hierdie skole waarop die kinders kan speel of oefen nie.

Die naaste biblioteek is in Stellenbosch self. Die kinders sukkel om navorsing te doen vir hulle opdragte by die skool. 'n Goeie biblioteek behoort ook tafels te hê waarby hulle kan sit en hulle werk kan doen i.p.v. op die grond by die huis.

Ontspanning

Daar is nie geskikte plekke waar die jongmense in die gebied kan speel en ontspan nie. Daar 'n groot behoefte aan 'n ontspannings-sentrum, sportvelde en selfs 'n swembad.



Godsdien

Mense was oor die algemeen tevrede oor die godsdienstige /kerklike situasie.

Maatskaplike dienste

Daar is geen ouetehuse waar oumense spesiale sorg kan kry nie. Die oumense word baie keer vergeet en word nie altyd versorg deur hulle familie nie.

Vervoer

Meeste mense in die omgewing moet elke dag gebruik maak van taxis, en as hulle by die hospitaal was tot laat dan is daar baie keer geen vervoer om hulle weer huistoe te neem nie. Die polisie het soms self nie polisievoertuie om na die gebied te kom as hulle uitgeroep word nie. Ambulanse word benodig om mense hospitaal toe te neem, omdat hulle nie geld het om op hulle eie daar te kom nie. (TRP 2005: 38)

Konklusie


Die eenheidsgevoel in die gebied is sterk en mense voel deel van die gemeenskap. Hulle het baie vriende onder mekaar en ondersteun mekaar as daar nood is. Dit is goeie nuus aangesien so hoë vlak van eenheid beteken dat enige programme in die gebied sukses kan behaal omdat mense bereid sal wees om saam te werk.

Godsdiens is 'n positiewe element in hierdie gebied en kan 'n agent vir verandering wees.

Sanitasie is egter 'n probleem omdat mense buite toilette moet gebruik, en dan is daar te veel mense wat slegs een toilet tot hulle beskikking het. Dié wat wel toilette in hulle huise het kan dit nie altyd gebruik nie omdat dit te naby is aan die kombuis en soms selfs nie werk nie.

Vervoer is 'n groot probleem. Waar mense nie werk het nie en hulle aansienlike bedrae vir vervoer moet uitgee om bv. by die hospitaal uit te kom, is dit met geld wat hulle nie het nie en eerder aan basiese behoeftes sou wou bestee. (TRP 2005: 39)

Met behulp van demografiese inligting, het ons gekyk na die nood in twee areas in Stellenbosch- area. In die volgende hoofstuk word die rol van die Kerk bespreek, en dit wat die Kerk tans doen om die nood in hierdie gebiede aan te spreek.



HOOFSTUK 4 : ARMOEDE VERLIGTING IN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK MET SPESIALE VERWYSING NA MOEDERGEMEENTE STELLENBOSCH

In die *Witskrif vir maatskaplike dienste* (1997: 17) lees ons dat die regering die rol van organisasies erken wat bydra tot die bevordering van ontwikkeling en die verligting van nood in die samelewing. Hierdie sluit in die bydrae van Godsdienstige organisasies, ongeag of die organisasies deur die staat gesubsideer word of nie. Daar word dus erken dat die Kerk 'n baie belangrike rol speel in die verligting van armoede, en ook ten opsigte van ontwikkeling.

Maar doen die Kerk genoeg? Is die projekte standhoudend? Wat is die Kerk se oorhoofse langtermyn strategie? Die navorser beoog om hierdie vrae in hierdie hoofstuk aan te spreek deur te begin met die NGKerk in die algemeen⁸, vervolgens die werke van BADISA in die Wes-Kaap. Ten slotte is 'n gevallestudie van Stellenbosch Moedergemeente onderneem. Die gevallestudie dien slegs as algemene voorbeeld van 'n gemeente binne die NGKerk.

4.1 Die NGKerk

Armoede word naas die Vigs-pandemie beskou as die grootste probleem wat in ons land aangespreek moet word. Die navorser het toe ondersoek ingestel oor hoe gemeentes op hierdie krisis reageer. In die *Kerkspieël* 2004 (Schoeman & Bisschoff 2005: 39) kry ons min of meer 'n beeld wat in die kerk tans plaasvind, maar moet daar in rekening gehou word dat slegs 23,8% van die NGK gemeentes wat gereageer het op hierdie vraelyste 'n armoede- en werkskepping strategie het.

Volgens hierdie syfers het dus 75.1 % geen strategie gehad nie; 7.6% is betrokke by projekte buite die gemeente maar binne die gemeenskap self; 12.9% het hulle eie strategie of projekte; 3.8% beskik oor fasiliteite vir die diens van barmhartigheid; 0.7% is besig met beplanning en die ontwikkeling van 'n strategie. As ons dan gemeentes se gemeenskapsontwikkelingsprojekte ondersoek (Schoeman & Bisschoff 2004:38), sien ons dat ongeveer 63.1% van die gemeentes in hierdie studie wel sulke projekte onderneem.

Hierdie verteenwoordig ongeveer 234 mense per gemeente, met 'n gemiddelde bedrag van ongeveer R11, 358 per gemeente in die 2003/2004 boekjaar.

Van hierdie projekte is 63.4% voedingskemas, 5.8% behuisingskemas, 14.6% voorligtingsprogramme, 12.7% geletterdheidsklasse, 25% werkklassse, en 32.5% is projekte van ander aard. Dit dui vir ons aan dat die meeste gemeentes meer as een program waarmee hulle besig is.

'n Ondersoek na wie verantwoordelikheid neem vir hierdie projekte, het getoon dat 27.4% hiervan Vrouedienste is, 29.3% Kerkrade, 38.2% verskeie kommissies, 9.5% Jeugaksies en 55.8% is lidmate in die gemeente self.

Die analise het aangedui dat ongeveer twee-derdes van gemeentes by een of ander vorm van ontwikkelingsprojek betrokke is. Hoewel hierdie pogings verblydend is, weet ons dat ten opsigte van die groter prentjie, dit gans en al nie genoeg is nie.

In die notules van die Algemene Sinode in 2004** kry ons 'n meer volledige beeld van die bedrae wat jaarliks bestee word aan die verligting van armoede.

Volgens die statistieke van die A.K.D.B.**⁹ is daar vanaf 1 April 2002 tot 31 Maart 2003 ongeveer 84,157 hulpbehoewende persone bereik deur Maatskaplike Werk kantore, en 463,800 persone d.m.v. groep- en gemeenskapswerk.

Die totale inkomste het R289 162 745 beloop waarvan R14 827 078 gemeentelike inkomstes was, R98 704 243 deur subsidies van die staat en R175 631 242 deur eie/ander inkomste.

Die totale uitgawe van die A.K.D.B. vir die boekjaar 2002-2003 was R276 911 567.

Hierdie fondse is bestee aan verskillende projekte/programme nl. Tuistes vir bejaardes, aftree-oorde, kinderhuise, chemise afhanklikheidsentrums, tuistes vir ongehude moeders, sielkundige dienste¹⁰, hospitaalbediening, gevangenisbediening, gemeenskapsprojekte en maatskaplike kantore. Aan gemeenskapsprojekte alleen was daar 'n totale inkomste van R5 884 860 waarvan R884 644 van die kerk afkomstig was, R1 582 721 van die staat en R3 417 495 eie/ander inkomste was. Hierdie syfers verteenwoordig net dit wat die kerk self 'amptelik' bestee het.

Nota: Volgens 'n telefoniese gesprek met die vorige voorsitter van die A.K.D.B., (hierdie pos het vanaf 2006 weens strukturele veranderinge verval) het die A.K.D.B. se besteding in die boekjaar 2004-2005 reeds R400 000 000 oorskry.

⁸ Hierdie informasie word verkry uit die notules van die laaste Algemene Sinode van die NGKerk, en die 2004 *Kerkspeël* en word so ook aangedui.

⁹ Algemene Kommissie van die Diens van Barmhartigheid.

¹⁰ Daar was egter geen syfers beskikbaar tov die inkomste en uitgawes van hierdie dienste nie

4.2 BADISA

BADISA het ontstaan toe die Sinodale Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid van die NGKerk in Wes- en Suid-Kaap en die Sinodale Kommissie vir Diakonale Dienste van die VGKerk in Kaapland besluit het om hulle maatskaplike diensprogramme saam te smelt in een gesamentlike bediening. (Strategiese raamwerk : 2003) Die fokus van BADISA is op mense en gemeenskappe wat maatskaplike nood het.

Die organisasie is Christus-gesentreerd wat die volgende beleid ten grondslag het:

- Respek vir alle mense, ongeag agtergrond en herkoms, met gelyke behandeling.
- Die vertrekpunt van hulpverlening is die gesin.
- Verantwoordelike bestuur van bronne.
- Bystand, ondersteuning en leiding aan gemeentes t.o.v. barmhartighedsbediening, deur bv. behulpsaam te wees met gemeenskapsontwikkelings-programme.
- Voorsiening van die organisatoriese raamwerk wat voldoen aan die statuêre vereistes, asook vakkundige-, administratiewe- en bestuursondersteuning vir alle programme.

Dit is hulle oortuiging dat hulle as organisasie 'n voertuig kan wees waarmee die kerk die opdrag van Christus kan uitvoer om mense en gemeenskappe in nood bedien vanuit Sy liefde en barmhartigheid (Bylaag B).

BADISA glo dat elke mense en gemeenskap 'n potensiaal het om te benut. Daarom is hulle strategie om deur maatskaplike programme mense en gemeenskappe te begelei om daardie potensiaal optimaal te ontwikkel, sodat hulle na met verloop van tyd hulle maatskaplike nood self bestuur. Anders gestel: BADISA help mense om nie net ander te help maar ook hulle self dan te help. Hierdie is 'n langtermyn strategie wat duidelik nie paternalisties is nie maar eerder 'n vennootskap met die gemeenskap aangaan sodat die programme hulself na 'n ruk kan onderhou. Programme word derhalwe finansieel as 'n selfstandige eenheid hanteer.

In 'n Jaarverslag van BADISA (2005: 3) lees ons dat hulle in 2005 'n totaal van 152 programme gehad het, waar volgens ongeveer 731 480 mense gehelp was. Programme soos tehuse vir bejaardes, kinderhuse, dienssentrums en ander

maatskaplike behoeftes was aangepak. Die totale inkomste vir die 2004/2005 finansiële jaar was R168 715 646, met 'n totale uitgawes van R152 997 803.

Die doel van hierdie syfers is net om 'n idee te gee met watter getalle hierdie organisasie deur die jaar werk. Daar is nog nie 'n studie gedoen oor die sukses van hierdie organisasie nie. Hulle is sigbaar in die gemeenskap en is met oorgawe bereid om 'n verskil te maak.

BADISA is afhanklik van vrywilligers om hulle te help met hulle programme, en gemeentede is nie altyd bereid om by sulke programme betrokke te raak nie. Groter bewusmaking en bemarking is nodig.

4.3 NGKerk Moedergemeente te Stellenbosch

Die navorser het dit goedgevind om die NGKerk Moedergemeente in Stellenbosch self as 'n voorbeeld te gebruik van die betrokkenheid van die NGKerk in die gemeenskap.

Hoewel dit slegs één kerk is met sy eie unieke omstandighede, kan ons tog 'n kykie deur hierdie gemeente se oë kry van wat gemeentes in hulle eie gemeenskappe doen en ook hoe 'n kerk te werk gaan in die gemeenskap – dit wil sê wanneer gemeenskapsbetrokkenheid wél egter deur die gemeente as belangrik beskou word.

Bylaag A van hierdie skripsie is die hoofbron van die navorser se ondersoek van die gemeente se bedieningsprogramme in die gemeenskap. Die onderhoud wat gevoer is met Dr. J. Koornhof wat predikant is by hierdie gemeente, gee ons 'n prentjie van hoe hierdie gemeente hulle roeping benader om die mense en gemeenskap te versorg.

Die gemeente se identiteit en roeping word gewoonlik bepaal deur sy lidmate. Hierdie goeie gemeente bestaan uit wit Suid-Afrikaners waarvan meeste studente en werkende jongmense is. Daar is egter ook baie gesinne betrokke by hierdie kerk. Die lidmate het oor die algemeen 'n hoë inkomste, wat ook gereflekteer word deur die kerk se begroting elke jaar.

Met die vraag of die predikant van mening is of die gemeente se fokus na buite gerig is, was die antwoord dat dit 'n behoefte in die gemeente is om 'n gemeenskapsgerigtheid deel te maak van hulle identiteit. Die gemeente slaag daarin

om sowat 20% van die jaarlikse begroting na buite te bestee¹¹. In die laaste boekjaar was die bedrag wat bestee is aan gemeentelike dienswerk net onder R100 000. Dit is ook nie werklik moontlik om 'n juiste bedrag te bepaal wat vanuit die gemeente in die gemeenskap invloei nie, omdat die fondse van bepaalde gemeentelike diensaksies se eie gemeenskapsprojekte nie in die finansiële state gereflekteer word nie. Ook die belangrike alimentasie fonds vir onder andere insidentele spoedeisende nood, is nie deel van die gemeentelike begroting nie. Hierdie fondse word gebruik om o.a. die maandelikse Nagskuiling-rekening te betaal, bejaardes uit te help wat nie die maand hulle huur kan betaal nie, ens. Dr. Koornhof is daarvan oortuig dat die Here self hierdie fonds instand hou; R54,000 is in die afgelope boekjaar hieruit bestee. 'n Verdere 20% van die begroting gaan na die Sinodale aanslag vir die Diens van Barmhartigheid.

In 2005-2006 het Moedergemeente met 'n totale begroting van R2 320 300 'n bedrag van R217 000 aan die Sinode oorbetaal, en in 2006-2007 met 'n begroting van R2 880 960 het die gemeente R263 875 oorbetaal.

Dr Koornhof noem verder dat die vorige boekjaar se oorskot van R120,000 aangewend is aan gemeenskaps-programme : Hande van Hoop, Geluksoord Ouethuis, ens.

Bedieninge binne die gemeente funksioneer in 'n sekere sin onafhanklik; ook hulle fondse is nie uit die begroting afkomstig nie Daar is binne die gemeente 'n verskuiwing gemaak van 'n “kontrole en besluitneming” strategie na een van “motiveer en bestuur”.

Deurdadig die gemeentelike struktuur die verskillende bedieninge ondersteun en die nodige infrastruktuur vir hulle doeltreffende funksionering skep, dien dit as lanseerplek waaruit mense hulle roeping kan uitleef.

Wat die gemeenskap self betref, is dit die beleid van die gemeente om eerder met bestaande infrastrukture saam te werk, ook sodat mense nie téén mekaar werk nie.

Op hierdie wyse is daar reeds rondom bepaalde projekte saamgewerk met die Stellenbosch Gemeente en ook met die Shofar Gemeente.

Die Stellenbosch Moedergemeente self is daarop teë om projekte aan die groot klok op te hang. Derhalwe sien hulle hulself slegs as die voorsieners van infrastrukture vir

¹¹ Die navorser is daarvan bewus dat hierdie 'n bo-gemiddelde persentasie is in die NGKerk.

bestaande bedieninge en aksies, sowel as aksies wat in die proses van vestiging is in die gemeenskap.

Met navraag oor die gemeente se langtermyn strategie om mense te help om hulle self te help, het Dr. Koornhof is dit duidelik gemaak dat alhoewel die gemeente graag hierdie fokus in die toekoms sal wil ontwikkel, dit nog nie gebeur het nie. Gemeentelede is al blootgestel aan die nood van ander, netwerke is gevorm, maar daar is nog nie regtig navorsing gedoen om volhoubare ontwikkeling van die grond af te kry nie. As gemeente is die doel om mense te bemagtig. Die gemeente doen moeite om sover as moontlik altyd in vennootskap met die gemeenskap te staan.

Die navorser kom dus tot die gevolgtrekking dat hierdie NGKerk gemeente geweldig baie moeite met die verligting van Armoede en die ondersteuning van bedieninge soos wat gemeentelede daarmee wil betrokke raak. Daar word egter self erken dat alhoewel daar die behoefte is om die gemeente se fokus alhoemeer te verskuif van onmiddellike verligting tot langtermyn ontwikkeling, dit nog 'n baie lang proses sal wees wat nou egter maar net in die beginfase van bewusmaking is, en indien daar egter wel mense is wat by so iets wil betrokke raak moet hulle egter by ander instansies gaan aanklop. Dit navorser is egter hoopvol met wat hy hier gesien het, en is hy van mening dat hierdie gemeente ligjare voor ander gemeentes is in die ondersteuning en ontwikkeling van bedieninge in die gemeente self.

Die navorser meen daar 'n algemene prentjie geskep is oor die bestaande projekte wat daar in gemeenskappe deur die kerke onderhou word en die groot bestedings wat elke jaar plaasvind. Die navorser wil hierdie inligting beoordeel en dan al die navorsing tot dusver saamvat.

HOOFSTUK 5 : SAMEVATTING EN BEOORDELING

Die navorser het gekyk na die probleem van armoede, die verligting daarvan teenoor volhoubare gemeenskapsontwikkeling en hoe die NGKerk daarop reageer. Die navorser is van oortuiging dat die NGKerk die verantwoordelikheid het om die armes in sy gemeenskap te versorg – dit is sy plig as verteenwoordiger van God se koninkryk en liggaam hier op aarde. Dit is daarom dat die navorser die Stellenbosch area bestudeer het met die probleem van hoe die NGKerk betrokke is by die verligting van armoede in die gemeenskap. Die Navorser het dit aangepak uit die oogpunt dat die lidmate van die NGKerk finansieel baie meer bevoorreg is in Stellenbosch, en daarom finansieel ook in staat is om armes te help. Die vraagstuk is egter dat indien armoede aangespreek word of dit langtermyn van aard is en nie net die bodemlose put van armoede verligting nie.

Die navorser se hipotese is dus dat NGKerk gemeentes net betrokke is by armoede verligting en nie met die visie werk van langtermyn ontwikkeling sodat 'n gemeenskap later hulself ook kan help nie. Die navorser is het dan tot die konklusie gekom dat hierdie hipotese waar is en indien gemeentedele by langtermyn ontwikkeling betrokke wil raak die kerk hulle aanraai om eerder by 'n reedsbestaande organisasie aan te sluit en so dan gebruik te maak van hulle infrastruktuur. Dit is kommerwekkend aangesien die Skrif duidelik opdrag gee dat die gemeenskap van Christus vir die armes moet versorg. Daarmee veronderstel ons dat indien die kerk so iets as belangriks sou ag sou die kerk dit ordentlik aanpak en nie net kospakkies en klere uitdeel nie – dis asof die lidmate hulle gewete in hierdie verband wil sus sodat hulle nie regtig hoef betrokke raak by die nood van ander nie.

Die navorser is daarvan bewus dat die versorging van armes nie die fokus van die kerk se bestaan is nie, maar voel dit is geen rede om hierdie aspek te verwaarloos of die verantwoordelikheid wat God op ons geplaas het vir iemand anders te gee nie. Die kerk is op papier die organisasie wat elke week die meeste mense kan bereik en help, en indien dit wel betrokke in die gemeenskap is moet 'n persoon werklik eers gaan navorsing doen om uit te vind waarmee die kerk alles by betrokke is. Kan die NGKerk nog bekostig om die “linkerhand weet nie wat die regterhand doen ” manier van armoede versorging te gebruik?

Tye is besig om te verander en die kerk kan nie bekostig om agter te bly - indien dit nog 'n stem in die toekoms wil hê en 'n verskil maak in die samelewing nie. Met die samelewing wat heeldag gebombardeer word deur advertensies en visuele beelde, kan die NGKerk net so begin om met beelde vir die gemeente te wys waarmee hulle betrokke is in die gemeenskap, selgroepe aan te moedig om deel te neem en die uitdagings wat gemeenskapsontwikkeling bied as 'n groep aan te pak. Die NGKerk het die potensiaal om 'n geweldige verskil maak in die samelewing, en groepe soos BADISA stel vir kerke 'n geweldige voorbeeld vir elke gemeente om te volg - om in verhouding te gaan staan met die gemeenskap en dan saam met hulle 'n verskil te gaan maak.

Die navorser kyk nogsteeds na die mooi geboue van die kerk, die oulike basaars en projekte en voel tog nog skaam oor die feit dat armoede tog op so baie vlakke nog geïgnoreer word en die kerk baie keer net fokus op hulle eie mense. Die navorser kyk egter na kerke soos Stellenbosch Moedergemeente wat moeite doen om bedieninge te ondersteun en saam met ander organisasies en gemeentes te werk in hierdie verband, en kry dan hoop vir die toekoms. Die kerk kan 'n agent wees vir ontwikkeling, selfs al is dit nie so welgesteld soos Moedergemeente nie. Ander gemeentes kan leer by Moedergemeente hoe om hulle gemeentede te ondersteun indien hulle 'n projek wil begin en hulle help met die infrastruktuur van so projek. Die NGKerk sal moet leer om na buite te lewe, om lidmate aan te moedig om buite hulle gemaksone te beweeg en betrokke te raak by gemeenskapsontwikkeling, en nie net so nou en dan klere wat hulle nie meer gebruik weg te gee nie. Die NGKerk gemeentes kan so ook met mekaar en die VGKerk saamwerk om saam met die arm gemeenskap in vennootskap te staan en werklik 'n langtermyn verskil te maak aan armoede. So word die koninkryk van God werklik hier op aarde sigbaar.

BIBLIOGRAFIE

Boeke

Atherton, J 1983 *The scandal of poverty : priorities for the emerging church* London : Mowbray

August, K.Th. 2003 *Raak betrokke by armoede : 'n handleiding vir gemeentes en kleingroepe* Wellington : Lux Verbi.B.M.

Carstens, P.J. 1999 *Church participation in the plight of the poor : a case study in the South African context* Wes-Kaap, Suid-Afrika : Universiteit van Stellenbosch (MTh Praktiese teologie ongepubliseerde werkstuk)

Kanyandago, P. 2002 *The cries of the poor in Africa : questions and responses for African Christianity* Kisubi, Uganda : Marianum Publishing

Muller, A.K. 1999 *Die barmhartigheidsdiens in die Nederduits-Gereformeerde Kerk as missionere diakonaat* Wes-Kaap, Suid-Afrika : Universiteit van Stellenbosch (ongepubliseerde BDiv werksruk)



Myers, B L. 1999 *Walking with the poor : principles and practices of transformational development* Maryknoll, N.Y. : Orbis Books

Prior, K. F. W. 1965 *God and mammon : the Christian mastery of money* Philadelphia, Pa. : Westminster,

Schoeman, K. & Bisschoff, J. 2005 *Kerkspieël 2004* Pretoria : Algemene Kommissie vir Gemeentebediening

Sider, R. J. 1977 *Rich Christians in an age of hunger : a biblical study* London : Hodder and Stoughton

**Pamflette*

BADISA Strategiese raamwerk : April 2003

Jaarverslag van BADISA 2005 vir die jaar 1 April 2004 tot 31 Maart 2005

Ministry for Welfare and Population Development, 1997 *White paper for social welfare :principles, guidelines, recommendations, proposed policies and programmes for developmental social welfare in South Africa* [South Africa]

***Internet Bronne*

Anderson, Kerby 2003 *Wealth and Poverty* Probe ministries, gelees op 15 Julie 2006 11:15 vm <http://www.leaderu.com/orgs/probe/docs/poverty.html>

Campbell, E.F. 2000 *Poverty and the Bible The Common Good : A journal of Faith and Public Issues* gelees op 12 Julie 2006 17:45nm <http://www.progressivechristianwitness.org/pcw/pdf/Campbell_Poverty%20and%20the%20Bible.pdf>



Diakonale versorgingsmodel gelees op 14 Julie 2006 11:16 vm http://www.nhk-adv.org.za/downloads/diakonale_versorgingsmodel.doc


Deel 2 van die Algemene Sinode van die NGK te Hartenbos 10-16 Oktober 2004
Verslag van die 2004 Algemene sinode, NGk, gelees 4 Julie 11:00 vm <<http://www.ngkerk.org.za/index2.htm>>

Eenheid van godsdiens- en ontwikkelingsnavorsing *Transformation Research project: Stellenbosch* gelees op 4 Julie 2006 11:00 vm, <<http://academic.sun.ac.za/theology/Centres/Egon/trp/trp>>

Frame, JM 2006, Chapter 42: The Eighth Commandment: Wealth and Poverty in *The Doctrine of the Christian life* Third Millennium Ministries gelees op 12 Julie 2006 18:03nm

<<http://reformedperspectives.org/hof/Ethics2006/DCL42%20%20The%20Eighth%20Commandment%20%20Wealth%20and%20Poverty.doc>>

See Wikipedia, *Emil Brunner*, http://en.wikipedia.org/wiki/Emil_Brunner (as of Jul. 11, 2006, 19:22 nm).



BYLAAG A

TRANSKRIPSIE VAN ONDERHOUD GEVOER OP 20 JULIE 2006 MET

DR. J. KOORNHOFF, leraar van die N.G. Gemeente Stellenbosch (Moedergemeente).

VR 1 Vertel my asb. van die samestelling van hierdie gemeente?

ANTW. Die gemeente bestaan uit gevestigde lidmate, kinders, werkende jongmense en studente. Die vier komponente. Wat dit 'n bietjie 'n ander samestelling maak as baie gemeentes is die groot komponent werkende jongmense, en die baie groot komponent studente.

VR. 2 Kan die gemeente beskou word as 'n redelike gegoede gemeente?

ANTW. Verseker! Min of meer 50% van die lidmate van die gemeente woon nie binne die tradisionele historiese grense nie.

Die inkomste profiel van Moedergemeente lidmate is verseker, in terme van die N.G. Kerk gemiddeld, 'n hoë profiel. Dit beteken nie almal is net ryk mense hier nie, maar hier is verskriklik baie mense wat jy sou kon klassifiseer as welvarend.

Kom ek sê liewer: hier is 'n hoë presentasie wat baie bates het.

VR. 3 Sou u sê Moedergemeente se fokus is na buite toe of na binne toe gerig?

ANTW Ons is deel van die Venootskap van Gestuurde Gemeentes. Ons probeer die laaste paar jaar baie sterk om dit as deel van die identiteit van die gemeente te laat groei. Mens is dankbaar dat mense die boodskap begin kry.


In die laaste twee briewe wat die finansies voorsitter vanjaar jaar en verlede jaar gestuur het na lidmate toe, het hy dit baie sterk benadruk en gesê: Ten spyte van al die hoër plaaslike behoeftes wat ons het, wil ons nie ons na-buite-gerigtheid verloor nie.

Op die oomblik kry ons dit reg om so rof-weg 20% van die begroting na buite te spandeer. Ons wil dit nie laer as dit hê nie. Vir die laaste boekjaar is die syfer vir Gemeentelike Dienswerk min of meer onder R100,000.

Al wat in die state gereflekteer word, is goed wat deur die begroting ingekom het en dan deur die begroting uit is. Wat *nie* hierin reflekteer nie is bv. 'n uitreik aksie in die gemeente, vir die hele gemeenskap en wyer, en dit wat uit-en-uit barmhartigheds-alimentasiefonds is. Ek weet nie hoe nie - ek sê altyd die Here hou dit in stand. In die afgelope boekjaar het hierdie fonds R54,000 uitbetaal; dis bo en behalwe enigiets wat deur die begroting gegaan het. Hierdie geld word bv. bestee aan kos, aan mense wat nie hulle huur kan betaal nie; arme mense wat vervoer êrens heen nodig het, die Nagskuiling se maandelikse rekening van mense wat soontoe gegaan het; bejaardes in die Outehuis wat dit nie kan bybring nie; dié soort goed.

VR 4 Is dit alles net in die Stellenbosch area of verder ook?

ANTW Nee, ons praat van net nood in hierdie omgewing. Ons moet in gedagte hou, elke gemeente het ook 'n Sinodale aanslag vir barmhartigheid; wat bv. Badisa en die S.K.D.B. spandeer. Vanjaar is ons aanslag R217,000.



In die vorige boekjaar het ons 'n oorskot van R120,000 gehad. Toe whet ons gekyk na nood en uitgedeel : Kindersorg, Nagskuiling, Voedingsaksie, Hande van Hoop, Geluksoord Tehuis vir Bejaardes, Kyamandi Creche.

Bedieninge opereer los van die gemeente – nie een van hulle kry geld uit die begroting uit nie. Hulle doen hulle eie ding. Die jong werkende mense het begin met die projek Habitat For Humanity. Hulle het nou al R80,000 wat net gewoon ingesamel is.

'n Ander projek is vir kinders in Kayamandi wat nie hulle skoolfonds kan betaal nie. Dis 'n beursfonds waar daar al oor die R50,000 ingesamel is.

Die Vigs aksie. Die insamel van kospakkies. Creative Women wat mense leer brei.

'n Ander belangrike bediening in die gemeente is die Vrygewigheidsbediening.

Dit beteken dat as daar bv. 'n rekenaar by jou huis het wat jy nie gebruik nie, bring jy dit hiernatoe. Ons het selfs 'n klavier gekry. Enigiets!

Die Netwerk Bediening kom die goed gereëld haal, en neem dit dan na Welsynsaksies met wie hulle kontak het, of waar hulle weet dit nodig is.

Daar is ook bedieninge waar daar nie fondse by betrokke is nie, maar vaardighede.

VR 5 Het die Gemeente werksvennote?

ANTW. Ja, ons beleid is ons werk saam met 'n bestaande infrastruktuur. Ons 'network'. Van die projekte werk ons saam met Stellenbosch Gemeente. Ons het al met Shofar Gemeente saamgewerk.

Die Gemeenskapsbediening se beleid is: Ons soek niks waarop ons Moeder-gemeente se 'tag' op wil sit nie. As daar so 'n behoefte is, en daar is nog nie so 'n infrastruktuur in die gemeenskap nie, fine. Dan probeer ons dit skep.

VR 6 Ek verstaan dat die gemeente nie 'n lysie wil maak wat sê 'Kyk hoe oulik is ons' nie. Hoe dan gemaak sodat die gemeente tog sal weet wat daar gedoen word?

ANTW Ons nooi die bediening uit en sê "kom vertel julle Storie!" (in die gemeente)

VR 7 Wat sien u as die gemeente se prioriteit tov. Barmhartigheidsdiens?

ANTW Daar is nie net een prioriteit nie. Die hele bedoeling van die Bedieninge is: as die Here 'n ding op jou hart lê, laat waai! Ons sal jou ondersteun, maar jy laat waai. Die wonderlike is, die bediening kom nooit geld vra nie – hulle kry dit self op 'n ander plek.

Nee, vanuit 'n barmhartigheidsdiens oogpunt is daar nie 'n prioriteitsfokus nie.

Jy praat nou oor die Stellenbosch gemeentes, maar die breë prentjie : dis 'n interessante syfer dat, in die vorige boekjaar die Weskaapse gemeentes; dws. die Weskaapse sinodale gebied - aan die getuienisbediening, barmhartigheid en gemeenskapsontwikkeling - was die begroting net oor die 19 miljoen rand wat spandeer is.

VR 8 Ons het gepraat oor die hulp by nood wat hier-en-nou; amper 'n soort 'stop - gap' aksie. Het die bediening 'n langtermyn strategie? 'n "Helping people to help themselves to help others."

ANTW Die gemeenskapsbediening het dit in die vooruitsig gestel om hierdie as fokus te ontwikkel, maar dit nog nie gedoen nie. Die drie bene - model wat ons bediening aanvanklik mee begin was 1. Stel die mense bloot aan die nood.

2. Networking. 3. Navorsing oor gemeenskapsontwikkeling en hoe mense by meer volhoubare dinge betrokke kan raak, ens. Dis 'n faset wat dan nog nie van die grond af gekom het nie.

VR 9 Sou u dit dan beskou as belangrik?

ANTW Ja, maar weereens nie ge-isoleerd nie. As iemand by 'n projek betrokke raak, is dit sodat hulleself kan help, soos bv. die Creative Women projek : Hulle leer mense die vaardighede aan sodat hulle hulself kan help en bv. 'n besigheid daarmee kan begin. Daar is 'n paar sulke bediening.

VR 10 Hoe gemaak dat dit nie 'van bo af ondertoe' plaasvind nie. Wat is die interaksie? Identifiseer persone die behoefte of sê mense uit die gemeenskap wat hulle behoefte is?

ANTW Dis 'n 'en / en' : Mense wat doodgewoon bewus raak van 'n behoefte. Wat help is dat hier baie mense is wat reeds oor jare heen by gemeenskaps -bediening betrokke is, en wat sensitief is daarvoor dat 'n mens nie sê 'Ek dink julle het dit nodig nie', maar dat die behoefte uit die gemeenskap uit kom. Dit lê op 'n gesindheidsvlak.

VR 11 (opmerking) Die einddoel is mos maar dat ons sal wil hê dat mense voel dat hulle dit *self* gedoen het.

ANTW Ja, die fokus is bemagtiging. Die leemte is baie keer bestuur.

Ons fokus is om vir lidmate te sê: Jy is die kerk. Daar waar jy is, die vaardigheid wat jy het – gee dit vir mense.


VR 12 Hoe kan ons dit vir lidmate makliker maak om betrokke te raak? Dit voel soms so moeilik om werklik deel te word van wat 'n gemeente mee besig is.

ANTW Ons ervaring is dat wanneer jy skuif van Kontrole en Besluitneming, na Motiveer en Bestuur, dan begin die goed nogal gebeur. Mense begin verstaan: die gemeente wil vir my die lanseerplek wees waaruit ek my roeping leef.

As die Here iets op jou hart lê, kom! Ons sal vir jou 'n infrastruktuur gee, vir jou bid, vra of daar nog mense is. Dan gaan jy! Daar is 'n bediening wat bedieninge help met hulle bestuur en ontwikkeling. Ek dink die geheim is om te kommunikeer: Ons wil eintlik net die plek wees waaruit jy jou eie roeping gaan uitleef.



BYLAAG B



Verklaring

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat die werk in hierdie werkstuk/tesis vervat , my eie oorspronklike werk is en dat ek nie vantevore in die geheel of gedeeltelike by enige universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê het nie.

Handtekening_____

Datum_____



Abstrak

Die navorser doen ondersoek oor die armoede in die Stellenbosch area en die Nederduits Gereformeerde Kerk (NGK) se reaksie daarop. Hy is van oortuiging dat alhoewel die hulpverlening aan die armes algemeen is in die kerk, dit gewoonlik armoedeverligting is en nie gemeenskapsontwikkeling wat langtermyn effekte het nie. Om die kerk se response te evalueer op armoede word dit gemeet aan die standaard van die Bybel. Daarom word daar in hoofstuk 2 die Ou en Nuwe Testament bestudeer en die bybelse reaksies op armoede. In hoofstuk 3 word die Stellenbosch area se profiel uiteengelê met die fokus op Cloeteville en Kayamandi en hulle behoeftes. In hoofstuk 4 word die Algemene Sinode van die NGK se nasionale reaksie op armoede bestudeer, met 'n latere fokus op eerste BADISA se werksaamhede in die Wes-kaap en dan NGKerk moedergemeente Stellenbosch as 'n gevallestudie oor hoe hulle armoede in hulle omgewing benader. Die navorser sluit dan af met 'n evaluering van hierdie response en die algehele samevatting.



Abstract

The researcher makes a study of poverty in the Stellenbosch area and the reaction of the Dutch Reformed Church (DRC) towards this problem. He is convinced that even though the aid given to the poor is a common practice in church it is usually just relief orientated, and not focused on long-term community development. To evaluate the church's response to poverty the Bible's standard should be studied. That is why chapter 2 will study the Old and New Testament and the biblical reactions on poverty. In chapter 3 the profile of the Stellenbosch area will be laid out with the focus on the Cloeteville and Kayamandi area and their needs. Chapter 4 will study the general Synod's national response to poverty, with a later focus on the workings of BADISA in the western cape and then the DRC motherchurch of Stellenbosch as a case study on how they react to the problem of poverty in their area. The researcher will then close the argument with an evaluation of this response and a summary of what has been said.

Bedankings

Ek wil hiermee eerstens wil vir my studie-leier Prof. K. August bedank vir al sy hulp en leiding waarsonder ek nie sou kon regkom nie. Dankie vir al u tyd en voorstelle, vir u deur wat altyd vir my oop is.

Vir Dr. J. Koornhoff vir sy hulp as leeraar van die Stellenbosch NGK Moedergemeente, u belangstelling en eerlikheid ten op sigte van die werksaamhede en betrokkenheid van die kerk het geweldig baie vir my beteken.

Vir my ma, wat soveel moeite met my gedoen het, my vrese en onsekerheid getem het en met soveel liefde en moeite hierdie werkstuk die lig help sien het.



Not until we have become humble and teachable, standing in awe of God's holiness and sovereignty...acknowledging our own littleness, distrusting our own thoughts, and willing to have our minds turned upside down, can divine wisdom become ours.

-- J. I. Packer